GEREFORMEERDE EREDIENS IN AFRIKA

Cas Wepener in gesprek met Simon Konzapi

Dr Cas Wepener het onlangs met ds. Simon Konzapi – leraar van die VGK Mbekweni in die Paarl – gesels oor die Gereformeerde erediens in Afrika. Kennis van mekaar se aanbiddingstyle kan sensitiwiteit, begrip en verdraagsaamheid kweek. En hierdie kennis kan bydra tot meer gereelde en geslaagde gesamentlike eredienste.

Sang – musiek – beweging – gebede

Oor die algemeen lyk die erediens in 'n Xhosa-sprekende Gereformeerde gemeente baie soos 'n erediens in 'n Afrikaanssprekende Gereformeerde gemeente. Beide stam uit dieselfde liturgiese tradisie van Europa (veral Nederland) wat later oorgebring is na Suid-Afrika. Behalwe vir die verskil in taal, sal 'n Afrikaanssprekende besoeker aan 'n Xhosa erediens die meeste elemente herken. So byvoorbeeld is die tipiese verloop van 'n erediens op 'n Sondagoggend dié van Votum – Seëngroet – Skuldbelydenis en Genadeverkondiging – Geloofsbelydenis – Woordverkondiging – Voorbidding – Offergawes – Seën.

Hierdie bekende struktuur word egter deurgaans begelei deur opgewekte sang en musiek, ritmiese beweging en gereelde spontane gebede. Volgens ds. Konzapi speel hierdie elemente 'n groot rol in die erediens in Afrika. Hy sê die sang, musiek, beweging en gebede is 'n konkrete uitdrukking van wat lidmate glo, en dikwels, soos hy dit stel *"it takes the sadness away"*.

Wederkerigheid

Mense kom om verskeie redes na die kerk, maar twee van die belangrikste redes is om iets van die Here te kom **kry** en saam daarmee om hulself vir die Here te kom **gee**. Die lidmate het 'n klomp goed in hulle harte wat hulle in die erediens vir die Here kom gee, en hiervoor is musiek, ritmiese beweging en opregte spontane gebede (dank, lof en klag) vir die Afrika mens onontbeerlik.

Hierdie wederkerigheid sien 'n mens ook in die prediking en die nagmaal:

- "As jy preek is dit God se mond wat daar praat. Ja, mense verwag dat iets nie kan nie, maar gáán gebeur in die erediens. Ja, dít glo die mense van Afrika" sê ds Konsapi.
- En oor die Nagmaal sê hy, "dis die plek en tyd vir versoening". Tydens die Nagmaaldiens, net voordat lidmate die elemente gebruik, is daar 'n geleentheid om aktief tydens die erediens na iemand te loop en te gaan regmaak as daar iets is wat pla. En dit gebeur ook dikwels: mense loop oor na mekaar en sê: "Ek's jammer, vergewe my asseblief", en dan eers eet hulle die brood en drink hulle die wyn.

Umjikelo – geldslaan-ritueel

Daar is enkele gebruike wat uitstaan, en wat ds. Konzapi ook sommer opgewonde laat vertel hoe dit gedoen word. Die eerste is die sogenaamde *Umjikelo*, of geldslaan-ritueel. As 'n mens van rituele in hierdie erediens praat, dan sê hy die *umjikelo* is "die beste van almal!". Dit verloop as volg: heel teen die einde van die erediens, na die preek en gebede, begin die ritueel. Die lidmate sing gesange, klap hande, en beweeg ritmies. Algaande tel die tempo op en begin hulle om vorentoe na die nagmaalstafel te beweeg wat voor die preek-

stoel staan. Almal het geld by hulle, want hulle weet vandag is *umjikelo*. Soos wat jy by die tafel verbybeweeg, 'slaan' jy jou geld op die tafelblad. Gewoonlik gee mense nie dadelik al die geld wat hulle by hulle het nie, en beweeg hulle etlike kere verby die tafel. Na afloop van 'n goeie *umjikelo* behoort niemand nog 'n sent by hom of haar te hê nie.

Tyd

So 'n beskrywing laat 'n mens se Westerse voorbehoude onwillekeurig na vore kom in jou vraagstelling... "Raak 'n erediens dan nie baie lank nie?" Volgens ds. Konzapi is dit 'n baie belangrike punt, naamlik dat tyd gewoon nie saakmaak in 'n egte Afrika-erediens nie. Mense word nie moeg daarvan nie, nee, ons het net 'n vaste tyd waarop ons begin, nie 'n tyd waarop ons eindig nie. Vir God maak ons tyd. En 'n goeie illustrasie van hoeveel tyd gemaak word, is die verloop van die vieringe oor Paasnaweek.

Paasnaweek

Die vieringe van Paasnaweek strek vanaf die Donderdagaand voor Goeie Vrydag en hou regdeur die naweek onverpoos aan tot en met die Sondagmiddag.

- Op Donderdagaand word die Nagmaal of *Uthendileko* gevier, en die preek handel daardie aand oor Jesus wat voor Pontius Pilatus verskyn.
- Vroeg Vrydagoggend is daar 'n kort diens, maar
- later die oggend is daar 'n heelwat langer erediens. Tydens hierdie diens word sewe preke deur sewe verskillende lidmate en leraars gehou oor die sewe kruiswoorde van Jesus.
- Na afloop van die sewe preke rus almal die Vrydagmiddag, maar
- kom weer die aand bymekaar vir 'n diens oor die begrafnis van Jesus.
- Teen twaalfuur kan almal gaan inkruip om uitgerus te wees vir Saterdag se verrigtinge.
- Op die Saterdagmiddag word daar tradisioneel konferensies gehou waarvan die tema van jaar tot jaar wissel.
- Saterdagaand word 'n erediens gehou waartydens die *umjikelo* ook voorkom en 'n verskeidenheid preke, wat almal sentreer rondom die Paasgebeure, gelewer word.
- En reg deur die nag word daar herlewingsdienste gehou.
- Teen so vyfuur Sondagoggend begin die vrouens in die gemeentes (want dit is die vrouens wat eerste oor die opstanding getuig het) met 'n aantal preke oor die opstanding.
- Na hierdie diens loop lidmate van huis tot huis en sing van die opstanding van Jesus Christus.
- Teen ongeveer tienuur Sondagoggend begin die opstandingsdiens wat 'n vreugdevolle erediens is waartydens die Nagmaal ook gevier word.
- Hierdie Nagmaalsdiens vloei uiteindelik op 'n natuurlike wyse oor in 'n gesamentlike middagete van die hele gemeente.

Dit is Paasnaweek in 'n Xhosasprekende VGK!

Verbondsvernuwingsfees

Daar is nog belangrike datums op die kalender, soos die eerste Nagmaal van die jaar waartydens 'n Verbondsvernuwingsfees gevier word, asook die Oesdankfees teen die einde van die jaar. Hoe belangrik deelname is, blyk uit die feit dat al die lidmate aktief deelneem aan die erediens deur prediking, sang en gebed. Die erediens sê ds. Konzapi is nie net die dominee s'n nie, dit is die hele gemeente se erediens.

En mense neem graag deel: as jy vra vir twee gebede tydens die voorbidding dan kry jy dikwels vier gebede. Een rede waarom die gemeente self op so 'n wyse eienaarskap van hulle erediens geneem het, is prakties van aard. Dit is 'n goeie ontwikkeling gebore uit nood, aangesien dit dikwels gebeur dat VGK-leraars meer as een gemeente moet bedien of preekpunte het, en sodoende moet lidmate eenvoudig inklim en die werk met die leraar deel. En hierdie werk word deur mans en vrouens deesdae op 'n gelyke grondslag gedeel. Verder is kinders en bejaardes nie alleen welkom nie, maar 'n integrale deel van die erediens.

Gasvryheid

Daar is sekere dinge wat mense natuurlik nooit oor hulself vertel nie. En die belangrikste hiervan is hulle gasvryheid. Lidmate verwelkom jou, stel belang, gee liedboekies aan, vertaal ongevraagd die preke en gebede – en sonder dat jy 'n woord gesê het, verklaar hulle telkens na afloop van die diens *"you have blessed us with your presence today"*.

Woon gerus 'n erediens by ... jy sal soos 'n eregas ontvang word!